Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie

ds. PJ Kriel 22.11.2015

Inhoud. Christus bevry ons van sonde tot diensbaarheid. In moderne Christelikheid word mense vry gemaak van diensbaarheid aan God en die eis gestel dat die kerk nie mag onderskei tussen verlossing en bevryding van aanspreeklikheid teenoor God nie.

Skriflesing: Rom. 6:22; 7:9-11; 7:24 – 8:4.

Teks: Rom.6:22 Maar nou, julle is vrygemaak van die sonde en in diens gestel van God en die vrug daarvan is dat julle geheilig word.

Tema: Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie.

1.Twee maniere van bevryding: Vrygemaak van werkloosheid of vrygemaak van werk!

Dit is die verskil tussen Christus se bevryding en die tipe geestelike bevryding wat goddelose mense in hierdie wêreld soek. Dit gaan oor die verskil tussen om vrygemaak te wees om God te dien en om vrygemaak te wees van diens aan God.

Die wyse waarop Christus ons vrymaak is deur ons te regverdig om in God se diens gestel word en vry te wees van sonde, diensloosheid aan God.

2.Vir watter tipe vryheid is die studente in ons land al en meer en meer besig om geweld teen die owerheid te gebruik?

Vir gratis onderwys! Dit is die slagspreuk.

Ons mag egter nie hierdie slagspreuk misverstaan nie. Dink u hierdie slagspreuk beteken: ons wil hard werk, ons wil ywerig leer, ons wil getoets word of ons bekwaam genoeg is en ons is daarop ingesteld om grade te kry net as indien ons kwalifiseer, vir hierdie harde werk wil ons gratis onderwys hê?

En hierdie geweld gebruik hulle dan toevallig net in die tyd wat hulle eksamen moet skryf.

Dink u dat indien hulle sou druip omdat hulle nie bekwaam genoeg is nie, hulle sal ophou om geweld te gebruik?

3.So, wat is hierdie gratis onderwys wat hulle begeer?

Dit is om kwalifikasies te ontvang sonder dat hulle bekwaam is en sonder dat hulle vir hierdie kwalifikasie gewerk het.

Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie

Waarvan wil hulle bevry word?

Hulle wil bevry word van die aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir bekwaamheid en arbeid! Dit is mos presies wat in die landbou gemeenskap besig is om te gebeur. Arbeiders wat staak vir hoë lone sonder dat hulle enige aanspreeklikheid vir beter produksie aanvaar.

4.Christus bevry ons! Hoe is Christus Bevryder?

Die mees algemene geestelike bevryding wat geestelikes by Christus soek is bevryding van aanspreeklikheid en bekwaamheid vir diens. Dit is hoe die goddeloses uitgewys word deur Paulus in Romeine 7: 9. Voordat die wet daar was, het ek gelewe, maar toe die wet gekom het, het die sonde begin lewe en ek het gesterwe.

Hierdie stelling kan ons as volg toepas:

Voor die eis van bekwaamheid en kwalifikasie gekom het, was ek entoesiasties om ŉ prokureur te word, om ŉ dokter te word, om ŉ werktuigkundige te word, om ŉ onderwyser te word. Toe kom daar egter die vereisde van hoe ek moet werk om te kwalifiseer om dit te wees en toe verloor ek sommer my lus en my ideaal.

Ek wil die posisie hê sonder dat ek bekwaam is om die posisie te beklee en ek wil die eer en erkenning van die werk hê sonder dat ek aanspreeklik gehou kan word vir wat ek moet doen.

5. Hoe wil só ŉ goddelose mens deur Christus bevry word?

Christus moet my bevry van hierdie onderdrukking van my ideaal en begeerte deur die eise van bekwaamheid en aanspreeklikheid. Bevry van diens en aanspreeklikheid! Bevry om posisies te beklee sonder om diens te lewer!

Dit is die geestelike bevryding wat die goddeloses nou binne die kerk van Christus soek!

Hulle wil die posisie en voordele hê!

Hulle wil al die regte van die huwelik hê sonder die kwalifikasie en verantwoordelikheid van die huwelik: om man en vrou te wees vir mekaar sodat man en vrou "husband" en "wife" is in en deur mekaar. Die vryheid, die vreugde en lewensvervulling sonder die diens en aanspreeklikheid om "husband" en "wife" te wees!

Hulle wil die posisie en voordele hê!

Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie

Hulle wil die gesagsposisies hê om oor alles en almal te kan besluit sonder enige bekwaamheid en aanspreeklikheid vir die dienswerk wat deur hierdie gesag bestuur moet word. Die mag en voordele van gesag sonder die aanspreeklikheid vir diens!

Hulle wil die posisie en voordele hê!

Hulle wil in arbeidsposisies aangestel word sonder die bekwaamheid of verantwoordelikheid vir produksie. Verdienste sonder arbeid!

Christus is ons Bevryder!

Hy skep vir geestelikes hierdie vryheid van aanspreeklikheid en diens maar met die beloning van arbeid en diens! Dit is mos wat Christus doen!

Hy maak ons menswaardig en alles is net uit genade en onverdiend!

6. In die Woord van God is Jesus ŉ heeltemal ander tipe Christus as hierdie bevryder en bevryding wat goddeloses begeer.

Redding deur Christus is regverdigmaking.

Dit is hoe dit in Romeine 1 verse 1 en 17 aangekondig word: “[16] Ek skaam my immers nie vir die evangelie nie, want dit is ŉ krag van God tot **verlossing** vir elkeen wat God, eerste vir die Jood, maar ook vir die Griek. [17] Want daarin word openbaar dat God se geregtigheid geheel en al op geloof berus, soos daar geskrywe staan: “Wie op grond van geloof **geregverdig** word, sal leef.” (DAV).

Ons moet baie versigtig wees vir die woord “vryspraak” waarmee die vertalers van 1983 regverdigmaking vertaal het. Die verlossing van die Here gaan nie net oor vryspreek van oordeel nie.

Regverdigmaking is om bekwaam gemaak te word vir die onderhouding van God se wet en diens aan God. Dit is nie om vrygespreek te word van bekwaamheid tot diens nie, nog minder om van die eise van die wet van God vrygespreek te word nie.

Regverdigmaking beteken dat die Here ons bekwaam maak vir diens deur ons in sy geregtigheid as mens te laat deel.

7.Die hele hoofstuk 6 van die boek Romeine wys dat hierdie regverdigmaking deur Christus jou verbind tot diensbaarheid aan die wet en werk van God.

Christus se regverdigmaking maak gelowiges mense wat God wil dien en gehoorsaam wees volgens sy wet. (Rom.6:16,17)

Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie

Daarom is die vertaling van vers 22 so belangrik. Die Nuwe Direkte Vertaling stel dat ons geregverdig is om ons self en ons liggaam in diens van geregtigheid te stel. Dit beteken dat omdat ons vir God geregverdig is, ons in hierdie geregtigheid wat ons met Christus deel nou God mag dien en God dit as goed aanvaar.

Daarom kan Paulus hierdie ongelooflike stelling oor ons diensbaarheid aan God maak in 8:4 “Gevolglik kan ons voldoen aan die regseis van die wet.”

Omdat ons in Christus aan die regseis van die wet voldoen, wil ons werk en nie werkloos wees nie, want ons werk is vir God reg en heilig.

Omdat ons in Christus aan die regseis van die wet voldoen, wil ons aanspreeklik teenoor God se wet en diensbaar aan God se roeping leef!

Dit is die redding wat Christus bewerk en die bevryding wat Hy gee: Vrygemaak van sonde en in diens van God gestel.

7.Hierdie bevryding mag ons nie vergeestelik asof dit gaan oor die sing van lofliedere, die bring van geestelike offers of die spel met seremoniële gebare en liggaamsbeweging nie.

Om jou self in diens van God te stel beteken:

Om die diens en aanspreeklikheid van die huwelik as man en vrou teenoor mekaar op te neem volgens die wet van God.

Om die diens een aanspreeklikheid van gesag teenoor ondergeskiktes volgens God se wil op te neem.

Om die diens en aanspreeklikheid vir produksie in arbeid teenoor werkgewers en medearbeiders volgens God se wil op te neem.

Om die diens en aanspreeklikheid vir die veiligheid, die eerbied, die welsyn en bevordering van die lewe teenoor die gemeenskap volgens God se wil op te neem.

8.Hoe verander God mense wat van werk, diensbaarheid teenoor God en mense bevry wil wees na mense wat nie werkloos wil wees nie, wat wil dien en werk?

Dit word vir ons in hoofstuk 8 van Romeine verkondig!

Christus maak ons kinders van God. Die Gees van Christus maak ons regverdig om kinders van God te wees!

Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie

Ons dink hierdie uitdrukking "aangeneem" gaan oor die kontras tussen weeskinders en kinders. Dit is egter nie waar nie. Die kontras gaan oor kinders teenoor arbeiders. Dit gaan oor die verskil om kinders van God te wees teenoor om arbeiders van God te wees.

Dit is hoe God ons deur regverdigmaking innerlike verander: Hy verander ons as mense wat God as werkgewer vrees na gelowiges wat God vertrou as Vader.

Ons is reggemaak om kinders van God te wees. Reg gemaak om uit die vertroue dat God ons vader is in liefde diensbaar teenoor God te leef.

God verander mense wat van werk bevry wil word na mense wat van werkloosheid bevry wil wees deur arbeiders as kinders aan te neem.

9.Kom ons neem die voorbeeld van hoe landbouers en hulle kinders saamleef.

ʼn Boer se kind leef in die liefde van sy pa en dit verbind hom tot medeaanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir die boerdery. Kinders wil boer, wil op die plaas werk, wil die plaasbedryf ʼn sukses maak want hulle is erfgename.

Hulle wil nie vry van werk net sit en wag om hulle erfporsie deur te bring nie. Hulle eer en trots is om saam te werk!

En arbeiders?

Hulle leef met die houding van die plaas en bedryf is jou plaas en bedryf, hulle wil nie medeverantwoordelikheid vir die bedryf hê nie. Hulle wil net betaal word. Hulle wil net die pos hê, net geld kry met die innerlike houding om nie verantwoordelikheid te dra vir die bedryf nie of diens nie.

Hulle wil bevry wees van enige vorm van Vaderskap van die boer. Hulle wil hom net ken as werkgewer, nie as Vader nie. Hulle wil hom net vrees nie liefhê nie.

Hulle wil bevry van Vaderskap net ʼn pos en geld hê sonder enige mede aanspreeklikheid vir die bedryf.

10.Hoe vry het Jesus ons gemaak?

Is Jesus op hierdie wyse jou Bevryder? Gratis onderwys! Vry van diens en vry van aanspreeklikheid gee Jesus my menseregte! Poste sonder kwalifikasie en verdienste sonder diens!

Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie

Dit is hoe Jesus die nuwe geestelike Bevryder vir die nuwe kerk en staat moet wees volgens die nuwe geestelikheid van die gemeenskap. Jesus is die Groot Vrymaker van werk en die Groot menseregte waarborg.

Hy verlos ons van werk!

Daarom gee Hy nou vir elkeen die regte van die huwelik sonder die kwalifikasie en diens van die huwelik; die mag van gesag sonder die diensbaarheid van gesag; die verdienste van arbeid sonder die produksie van arbeid; die vreugde van die lewe sonder die sorg vir die lewe; die vryheid van waarheid deur die leun.

Of is Jesus jou Verlosser omdat Hy jou van kind van God aangeneem het en op hierdie wyse van jou arbeidersmentaliteit bevry het. Hy regverdig ons om aan die eise van God se wet te kan en daarom oom te wil voldoen. (Rom.8:4)

Christus bevry ons van ons sonde om werkloos te wil wees vir God en herstel ons innerlik om weer diensbaar teenoor God volgens sy wet te wil leef. Hy bevry my van my slegtheid om nie te wil werk nie, nie te wil dien en aanspreeklik te wil wees nie.

“Maar nou is julle vrygemaak van sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat julle geheilig word.”

11.Eksklusief of inklusief?

Is die kerk van die Here inklusief of eksklusief? Die openbare aanval van goddeloses op die kerk is dat die kerk van die Here beskuldig word van eksklusiwiteit. Hierdie beskuldiging wil die skyn wek asof die Here se kinders nie weet dat hulle ook sondaars is wat net in Christus geregverdig is nie.

Dit is egter maar net die skyn van hierdie beskuldiging. Daar is nie kinders van God wat hulle daarop roem dat hulle nie as sondaars aangeneem is en beter as ander sou wees nie.

As dit gaan oor sondaars wat aangeneem word deur in en deur Christus geregverdig te word, sonder dat jy jouself regverdig maak vir God, is die kerk altyd na sy aard inklusief. Alle sondaars kan ingesluit word deur hulle geloof in Jesus Christus.

Dit is egter nie die bedoeling van die beskuldiging van eksklusiwiteit nie.

Dit gaan oor ’n staking van werk waarin die wat nie wil werk nie, die wat wil werk beskuldig van eksklusiwiteit. Jy mag nie meer die innerlike oortuiging en lewenshouding hê dat die kerk bestaan uit net hulle wat bevry wil wees van werkloosheid nie, die kerk moet volgens die eis van goddeloses oop wees ook vir hulle wat van werk bevry wil wees.

Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie

Die Kerk moet inklusief wees van menseregte!

'n Geestelikheid waarin Jesus mense bevry van die eise van die wet vir diensbaarheid en nie meer mense regverdig volgens die eise van die wet om diensbaar te wees nie.

Daarom moet ons die eksklusiwiteit van die kerk handhaaf. Ons is die vergadering van mense wat nie werkloos wil wees nie. Ons is die gemeenskap waarin diensbaarheid aan God volgens die eise van die wet deel van ons innerlike liefde vir God is. Hulle wat nie diensbaar wil wees volgens die eis van God maar op alles wat hierdie diens gee deur menseregte op wil aanspraak maak, is uitgesluit van die gemeenskap van gelowiges.

Ons glo ons is regverdig gemaak deur Christus om te kan dien volgens die eis van die wet van God. Ons is nie vrygespreek van diensbaarheid volgens God se wet op grond van ons menseregte nie. Wie só wil bly glo, is nie deel van die gemeenskap van die gelowiges nie. Dit is die vakbond van mense wat nie wil werk nie.

Daarom moet ons ons eksklusiwiteit teen hierdie vakbond van goddelose menseregte handhaaf. Ons is aangeneem as kinders van God, ons kan nie dink en leef soos God se arbeiders nie.

Ons wil werk!

Ons wil dien volgens die eise van die wet van God!

Ons is nie stakers teen God vir regte in die naam van bevryding deur van Jesus nie!

Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie

Eksegetiese notas.

- Die woord verlossing of redding 1:16, in die boek Romeine kan drie betekenisse hê vir drie verskillende groepe:
    - die afgodsdiens van die heidene;
    - die Jode en
    - die gelowiges.

- Hierdie is die drie verskillende inhoude wat deur Paulus aan die orde gestel word:
    - die afgodsdiens in Rom.1.
    - die regverdigmaking van die Jode
    - die regverdigmaking deur Christus

- Paulus stel die evangelie teenoor Jode en Grieke: 2:9,10;3:9, wat dieselfde beteken as Jode en heidene: 3:29, 3:9,

- die rede daarvoor is dat daar geen onderskeid is tussen Jode en Grieke as dit gaan oor die geregtigheid deur Christus nie 10:12

- Die posisie van Jode en heidene word volgens die wet aangedui as
    - hulle sonder die wet teenoor hulle onder die wet: 2:12,
    - verlore sonder die wet en geoordeel deur die wet. 2:12,

- Ten opsigte van die regverdigmaking in Christus het die Jode en heidene presies dieselfde posisie:

  Hulle word vergeld na hulle werke. 2:6.
  Hulle gaan verlore en word geoordeel 2:12; Albei groepe is doemwaardig: 3:19; almal het gesondig 3:23;
  Hulle is saam onder die sonde en nie een van hierdie twee groepe doen goed nie, en het ontsag vir God nie

- Die drie betekenisse van redding is:
        - regverdigmaking deur Christus. verlos 7:24; regverdigmaking sonder die wet 3:21; deur die wet van die geloof 3:27 sonder die werke van die wet 3:28.
        - regverdigmaking deur die werke van die wet 3:20, 2:13: daders van die wet; eiegeregtigheid oprig 10:3;
        - geregverdig in sonde: onderdruk die waarheid in ongeregtigheid. 1:18; 1:25 verruil waarheid vir leuen

Christus maak ons vry van werkloosheid, nie werk nie

- Gelowiges: Vrygemaak van sonde om diensbaar aan geregtigheid te wees. 6:18, 6:22; vrygemaak van wet van sonde en dood: 8:2;

- Jode en Grieke: vry van geregtigheid 6:20, wandel na die vlees.

- Gaan in wese oor die onderskeid tussen twee soorte Tien Gebooie, die twee wyses waarop die wet van God werk:

    - Die wet van die werke teenoor die wet van geloof: 2:27;
    - Die geloof bevestig die wet. 3:31.
    - Die wet van die Gees van die lewe in Christus teenoor die wet van sonde en dood 8:2

- Verlossing: 1. Vry van God se wet – heidene; regverdig sonde as liefde.
  2. Vry van God se evangelie. regverdig van sonde deur liefde
  3. Vry van regverdig van sonde deur liefde en vry van regverdiging van sonde. Regverdigmaking van wet deur Christus: diensbaar aan geregtigheid van wet.

Goddeloses – vry van lewe onder die wet; Jode – vry van lewe sonder die wet

**Dus: Hoe kan ek myself wees vir God?**
**Deur my sondige self vir God te wees, deur myself vir God te ontken of deur myself in Christus vir God te wees.**